**Voorwoord.**

**Sedert 2004 moes ek in kerklike vergaderings sit waar mense hulle intiem persoonlike selfbelewenisse oor kerklike vergaderings dramaties uitgestort het. Met hulle grenslose selfbelewenisse het hulle die vergaderings doelbewus só getraumatiseer dat daar nie meer ‘n oop debat en onbevange teologiese gesprekke kon plaasvind nie. Binne hierdie soort teistering van vergaderings, en die kerklike gemeenskap, het hulle narsisties geglo dat ander hulle beleef soos hulle hulself beleef. Hulle het ook geglo dat hulle mense met hul grenslose intimiteite meevoer en deel maak van hulle eie getraumatiseerde binne-wêreld. Die god wat hulle met hulle spiritualiteit aan my opgedring het, het van die Here Jesus Christus ‘n ou argaïese god gemaak wat nie meer met hulle innige spiritualiteit in pas is nie. Hulle het Hom ook so die rede gemaak vir mense se selfmoord. Hiermee neem ek die vrymoedigheid om ook die reg op te neem om my persoonlike belewenis, van hulle persoonlike belewenisse, tydens die 2023 Algemene Sinode vergadering van die NG Kerk, met die kerklike gemeenskap te deel. As een groep mag beleef, mag ander groepe ook beleef!**

## GOD SE AGTERKANT –‘N DEURLEEFDE SATIRE.

Ek stap in die saal in waarheen die geestelikes ons laat kom het om oor mense se voorente en agterente te moet kom praat. Ek sukkel om by die tafel uit te kom waar hulle my laat sit en ek dink dit is dalk my suiker wat my oë so dof maak. Ek haal my bril af en vryf, en vryf ook my oë om beter te kan sien. Dit is toe dat ek sien dat dit nie van siekte is dat alles so dof is nie maar van swart gordyne wat alle daglig uithou, en dowwe ligte. Ek moet saam met ander om ‘n ronde tafel sit met een klein kersie wat ons skadu’s vir mekaar in die opgemaakte donkerte maak. Ek weet die jongmense maak sulke kersverligte donkertes wanneer hulle met mekaar lyflik wil wees, en ek begin my tafelgenote verdink.

Stil is ek bly oor die donkerte want daar waar ek van die agterkant van die land vandaan kom is ons nog skaam om oor mense se voor- en agterente te praat. Ek maak die donkerskadu‘s my wegkruipplek vir hierdie skaamtelose vrymoedigheid. Die geestelike leiers kom uit die voorkant van die land en staan daar voor op ‘n helderverligte verhoog omdat hulle hul nie meer skaam om oor mense se voor- en agterente te praat, en daaroor leiding te gee nie.

Ek skrik toe ek van die helderverligte grootleier hoor hoe ons saam ‘n pad deur God se woord gaan maak. Hulle gaan uit Exodus 33 verse 17 tot 23 vir ons wys hoe God se voorkant en agterkant lyk, want as ons nie weet hoe God se voor- en agterkant lyk nie, kan ons nie oor mense se voor- en agterente praat nie. My skrik is alleenskrik. Al die mense om die ronde tafels is opgewonde nuuskierig oor die geleentheid om van God se voor- en agterkant te weet.

Daar ver waar ek vandaan kom, waar die nag nog donker en die dag nog lig is, ken ons die Here as ons Lig en sien ons nie God se voor- en agterkant nie. In die stede waar dit altyd lig en donker ter gelyke tyd is, vra hulle my altyd waar ek vandaan kom, want hulle kan sien ek pas nie in hulle lig-en-donker lewe in nie. En as ek dan sê “Van Levubu af”, dan glimlag hulle skalks simpatiek en vra: “Waar is dit?” Levubu is onbekend vir mense wat in selfgemaakte lig en donkertes leef.

In die Here wat ons Lig is, sien ons ook nie mense se voor- en agterente nie, maar hulle harte en wat hulle met hulle hande doen. In hierdie vertroue hoef ons ook nie aan mekaar te vat soos mense in hul selfopgemaakte lig en donker, mekaar altyd selfsoekend bevoel nie.

My skrik is nie vir die pad wat hulle deur God se Woord gaan maak nie. Ek ken hulle driftigheid en vernuftigheid om vir God padbouers deur sy Woord te wees. Dit is soos een van die kinders vir wie ek geleer het dat die Here ons Lig is, se verskriktheid. Hy het in een van hulle geestelike feeste se veelkleurig verligte donkerte, my beangs gebel  en lewensbenoud vir my gesê hy weet nie wat hy vir God gaan sê as God hom hier buite sy Lig kry nie. My saamskrik was ook só. Hoe vertel ek God ek moes weg uit sy Lig gaan om myself in hierdie donkerte te moet kom verloor?

Toe die geestelike leier God se voor- en agterkant begin verduidelik, weet ek ek gaan weer soos altyd ‘n agterkant-Christen wees as hy klaar verduidelik het, en húlle gaan weer die voorkant-Christene wees. Dit verwar my geweldig,want  hy begin dadelik verduidelik dat mense wat dink hulle leef in die volle Lig van God, mense is wat aanstellerig wys hulle ken God se voorkant. En toe weet ek nie meer wat is voor en wat is agter nie.

En dan doen hy wat die geestelikes altyd met die woord van God doen – hy maak dit op as ‘n belewenis van God. ‘n Belewenis wat jy ook saam met hom en die voor-Christene moet beleef. Hy maak toe van God se verskyning aan Moses in ‘n grot die nuwe grot-ervaring wat alle eerlike, opregte, ware, ernstige, redelike, nugter, wetenskaplike, spirituele en bedoelde Christene eers moet beleef, voordat hulle geloofwaardig aan die vergadering se bespreking oor mense se voor- en agterente kan deelneem. Elkeen in die vergadering moet hierdie god-in-die-grot beleef want hy is die lig vir voor- en agterente.

Op my eie lees ek toe maar self weer stil soos altyd die Bybel en volg soos gewoonlik weer die Here as my Gids terwyl ek agterraak met die verduidelikings van die spelonkgids wie se woorde oor die luidsprekers weergalm.

Ek sien in die Bybel dat die Here soos altyd aan al sy kinders sy volle liefde aan Moses in die grot geopenbaar het. Moses vra die Here om sy heerlikheid aan hom te openbaar en die Here antwoord sy gebed. Die Here bevestig aan Moses dat al God se goedheid reg voor Moses sal verbygaan. God sal Homself openlik en duidelik as die Here aan Moses bekend maak omdat God self sy Naam vir Moses sal uitroep. En dan verlig God Moses om die heerlikheid van God te sien – God wys Moses Hy is die soewereine God wie se heerlikheid dit is om ten volle genadig te wees vir sy kinders en om Hom altyd oor hulle te ontferm. En dit doen God in ‘n uitverkiesende liefde. Hy kies sy kinders om vir hulle genadig en ontfermend te wees. En daarom kan Moses weet dat God nie sy volk wat verlei was, om Hom met ‘n afgodsbeeld Hom te ontheilig, sal verstoot nie. God het gekies om hulle genadig te wees en Hom oor hulle te ontferm. Só is God se heerlikheid reg voor Moses!

Die eggo van die spelonkgids dring deur my oordenking van Gods Woord en ek hoor hy verduidelik nog die roetemerkers om by die grotbelewenis van hierdie grotgod uit te kom.

Ek laat die toergroep alleen vooruit loop en bly in my oordenking. Moses het ook vir God gevra om sy planne oor hoe God die volk Israel die land Kanaän gaan laat beërwe aan Moses te verduidelik. Moses was moeg en raadop. Hy wou God se plan ken want sy eie planne het opgeraak. In sy genade en ontferming verseker God Moses Hy sal altyd met hom wees en altyd saam met hom gaan, sonder om sy plan vir Moses te gee. God sal altyd sy volle wet duidelik en helder aan Moses en die volk openbaar sodat hulle self in elke deel van hulle lewe in die volle Lig van God se wil kan leef. En terwyl ek dit lees, kom die verse van Psalm 119 weer uit my Sondagskooldae se versiesleer in my op: “U Woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad.” Dit is die volle heerlikheid van God waarvan Moses seker kan wees: God is self met hom en sal self sy wet vir hom laat skyn as Lig op sy lewe, maar God gaan nie sy planne met Moses deel nie. God met hom is vir hom genoeg! In hierdie rus moes Moses maar self weer begin nuwe planne maak.

Ek sien die spelonkgids se flou liggie, so ver is hy nou al voor my uit, maar ek sien nie donkerte nie. Ek sien die Here verseker Moses dat Hy in die volle Lig van sy heerlikheid sal leef en God se genade en liefde altyd reg van voor sal sien – dit staan so in die Bybel in God se eie woorde. Die Here waarsku egter vir Moses dat al sien Hy die heerlikheid van sy liefde en genade reg van voor, sal hy nooit God se gesig sien nie. Hy sal nooit so met God kan identifiseer dat Hy van God self ‘n beeld kan maak soos die volk dit gedoen het met hulle goue kalf nie. Die volk het God se gesig gesien en dit het vir hulle soos ‘n goue bulkalf gelyk. Moses sal God se liefde en genade reg van voor sien, maar God self sal verhul bly vir mense se beeldmakery van God.

Ek is skielik weer by die toergroep en spelonkgids. Ons is nou in die grot se grootsaal. Hier wys die spelonkgids met sy flits vir ons God se voor- en agterkant. God se voorkant, wat jy volgens hierdie gids nie mag sien nie, is die volle heerlikheid van sy liefde en genade en die volle Lig van sy wet, vertel hy. God se agterkant wat jy moet sien, is om net ‘n klein deeltjie van sy liefde en genade te kan raaksien en net so effens iets van sy wet te weet, sonder dat dit vir alles in jou lewe ‘n helder lamp of lig vir elke deel van jou lewenspad kan wees.

Die toergroep jubel en juig in verwondering met geestelike liedere en gebede oor hierdie grot-ervaring van God – want hulle ken nou God se voorkant wat jy nie mag sien nie en sy agterkant wat jy moet sien.

Maar kennis is nie belewenis nie, verduidelik die spelonkgids, en kondig aan dat in die grootsaal waar ons nou God se voor- en agterkant ken, moet ons nou begin om God te beleef.

Hy verduidelik só. Ons ken God se voor en agterkant, maar ons kan nie God se voorkant beleef nie. Ons kan net sy agterkant beleef. Dit is die besondere van hierdie grotgod - jy kan net sy agterent beleef! Jy kan net so klein deeltjie van sy liefde beleef en net so klein deeltjie van sy wil ervaar - van agter af! En jy moet ook weet dat elkeen ‘n ander klein deeltjie van God se agterent as jy beleef. Ons moet al ons klein belewenisse van God se agterent saam beleef om een groot belewenis van God se agterent te kry. Mense wat glo dat hulle die volle liefde en genade ken, en die volle wil van God in sy wet reg van voor af sien, is mense wat God se voorkant wil beleef, en God het dit verbied as sonde, sê die grotgids.

Dieselfde angs wat daardie jongman onder stroboskope en flikkerligte waarmee God verduister is, vasgegryp het, omklem toe ook my eie hart – hulle gaan Jesus Christus nou uitroep as hierdie grotgod.

En toe doen hulle dit!

"Jesus roep ons om sy navolgers te wees!" roep die grootleier dit onder die LED lig uit. Jesus is God se agterent. Jy kan net God se agterent beleef as jy agter Jesus aan loop. Navolging van Jesus is hoe jy God se agterent beleef! Wie God se volle liefde, genade en wil reg van voor ken, is nie navolgers van Jesus nie!

En toe is die toergroep navolgers van God se agterent – Jesus!

Die spirituele afrigters neem toe by die grootleier oor. Ons moet nou die diverse belewenisse van God se agterent saam inoefen. Sy verduidelik hoe jy reg moet sit om hierdie agterent-ervaring spiritueel te kan beleef. Jy moet regop sit en jou hande voor jou hou, rughand na onder, handpalms oop na bo. As jy jou hande anders hou, gaan jy nie hierdie agterent-ervaring kan beleef nie. Dan moet jy in jouself leeg word van jouself. In jouself moet jou eie gedagtes en gevoelens stil wees. As jy nie so stil niks is nie gaan die agterent-ervaring ook nie werk nie. En dan moet jy saggies agter haar aan fluister " jeeeere ... jeeeere ... jeeeere" - dan gaan God in jou leë self inkom en jou met sy goddelikheid vul om leeg godvervuld te wees.

Terwyl die saal hulle self in hierdie beswyming in mymer sit ek toe met arms gevou oor my bors want ek wil nie God se gesig sien nie. Ek kan nie en wil nie vir God leeg wees sodat God sy goddelike lewe, krag, wil, persoon en gesag deur my moet wees nie. Ek wil denkend, gevoelvol, willens en wetens mens vir God wees wat altyd in sy liefde en wil, reg voor my is.

Die volgende afrigter het 'n ander diverse agterent-ervaring van God wat ons nou weer saam moet inoefen. In die donkerte van die saal waar ons nou nog net skadu's teen die muur is, moet ons almal in die kersie wat op die tafel brand, God se boodskap in die kersie hoor. Dan moet ons vir mekaar om die tafel vertel wat God vir jou deur die kerslig gesê het. Dit is nou die god wat ons binnekant oorspoel het wie se stem buikspraak deur die kersie op die tafel doen.

Teen hierdie tyd weet my tafelronde ek is nie 'n navolger van Jesus nie en verwag nie meer van my 'n kersboodskap nie. In my siel wroeg ek om God se Woord te onthou sodat ek myself in die woorde van die Bybel teen die glans van hierdie kersgod kan verskans. En die Here laat my toe net daar en dan onthou dat Hy self vir die Satan gesê het ons sal leef van elke uitspraak wat uit die mond van God kom, en sy uitsprake kom uit die Bybel, nie uit kersliggies nie. In hierdie Lig kon ek toe die versoeking van die lig van die kersie weerstaan en nie agter God se agterent aanloop nie.

Toe die volgende afrigter die volgende diverse agterent-belewenis voorleef en verduidelik, weet ek my agterdog teen my tafelronde was gegrond – ons gaan mekaar bevoel en betas. Hy verduidelik dat ons elkeen die bottel water op die tafel moet vat, daarvan in ons hande moet gooi, na die persoon langs jou toe moet draai

en die water op sy voorkop moet gooi, hom in die gesig moet kyk en dan die heilstoesegging moet uitspreek: "God is lief vir jou." So moet ons, gesig in gesig, die liefde van God ervaar. My tafelronde het toe al geweet dat hulle nie in my gesig die gesig van God sal kan sien of beleef nie, en dat ek ook nie aan my laat vat nie.

Ek bid toe in die betastings om my dat God reg voor my sal wees en my die heerlikheid van sy volle liefde en wil sal wys, soos Hy dit aan Moses gewys het, want ek wil nie in mense se gesigte God se gesig sien nie.

Die Here het my gebed verhoor maar nie die depressie gekeer waarin ek begin wegsak het nie. Ek is nie 'n depressielyer nie. Daarom weet ek dat dit die inoefeninge om God se agterent te beleef is wat my al dieper en dieper in 'n geestelike depressie afdruk. Hulle agterent-belewenisse van God laat my mensverlate voel, maar die wet van die kerk is dat jy nie mag uitloop uit so 'n vergadering nie.

Die volgende afrigter kondig 'n twee-twee oefening aan om hierdie god se agterent weer op 'n heel ander en nuwe manier te beleef. Ons moet opstaan, twee-twee na mekaar toe draai, mekaar omarm en mekaar diep in die oë kyk. Hy gee die pertinente opdrag dat ons mekaar die hele tyd in die oë moet kyk in ons omarming, en jy mag nie oogknip of wegkyk nie. In hierdie grenslose intimiteit moet die een dan vir die ander die seën van God toesê: "Mag die Here jou seën en jou beskerm, mag die Here sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees, mag die Here sy aangesig na jou toe oplig en jou vrede gee."

Ek sit alleen een terwyl almal twee-twee mekaar staan en omarm en intiem bekyk. Ek  skaam my vir hulle wat sulke intieme grensloosheid in mekaar beleef. Ek weet toe in my hart dat hulle wat in hierdie soort intimiteit in mekaar se oë die aangesig van God sien, en die teenwoordigheid van God in mekaar se innigheid beleef, gereed is om oor hierdie god te praat wat mense se voor- en agterente seën.

En dit is toe ook so soos my depressie vir my gesê het.

Die volgende afrigter wys toe vir ons prentjies waar mense, wie mekaar se voor- en agterente innig beleef, saam Nagmaal hou. Die besondere ervaring waarna ons na moet kyk is dat die Nagmaaltafel met 'n unieke vlag gedrapeer is. Dit is die reënboog gekleurde vlag vir mense wie mekaar se voor- en agterkante intiem ervaar. Die brood en wyn van die Nagmaal word uitgestal op hierdie voor- en agterentvlag. Só beleef 'n mens in die liggaam van die Here Jesus en die bloed van die Here Jesus nou hierdie god se veelkleurige agterent.

Ek voel vuil, verneder en verag dat ek nou mense se voor- en agterente moes beleef in die tekens van die Nagmaal. My depressie het in vryval oor die abyssus gegly en die woede bars in my met 'n innerlike kreet los – hierdie is 'n drekgod!

Ten spyte van die verskeurdheid en verwardheid in die vergadering deur hierdie drekgod, weet ek, ek leef in die volle liefde en genade van God, en ken sy wil reg van voor. Dit is God se volle geopenbaarde liefde wat my hart en verstand laat skree dat hierdie 'n drekgod is. Die gevoelens wat deur my spoel dat ek soos 'n hert in dorre streke is, of soos Dawid godverlate voel in Psalm 22, is nie hoe God se liefde

en genade my laat voel nie. Die woede wat my ore laat suis en my mond bitter maak is nie teen God wat my gekies het om in sy volle liefde en genade te leef, om so sy volle wil in my hele lewe te kan onderhou nie. Dit is teen hierdie drekgod wat ‘n agterent-god is. Dit is nie my depressie wat hierdie god, van wie jy net sy agterent kan ervaar, as ‘n drekgod verskree nie. Dit is die Heilige Gees van die Here Jesus Christus wat dit in my uitskree:

“Jesus Christus is nie God se agterent nie!
Jesus Christus is die Here!
Jesus Christus is die volle openbaring van die heerlikheid van God – reg van voor.
Jesus Christus is die Lig, nie die duisternis nie.
God se agterent is ‘n duistere afgod.
Afgode is drekgode.”

Hierdie openbaring van God vervul my toe met ontsag en eerbied: dit is verskriklik om te val in die hande van die lewende God. Hy slaan goddeloses met blindheid sodat hulle nie deel van sy uitverkiesende liefde kan wees nie. Uit my kleuter Sondagskoollesse hoor ek weer die skrif aan die muur wat die dronk en losbandige koning Belsasar gesien het, terwyl hy met die wynbekers uit die Here se tempel sy drekgode gelofprys het: “Getel, getel, geweeg, te lig gevind”. Ek weet toe dat ek in hierdie kerkgrot besig is om die ontsagwekkendheid van God in sy oordeel te aanskou.

Die laaste afrigter bevestig hulle veroordeelde blindheid. Ons moet nou hoor dat daar verskille soorte voorente en verskillende agterente is, en dat jy as gelowige jou verskillende voor- en agterente uit mekaar moet ken sodat jy kan weet Jesus diskrimineer nooit nie. Hy seën alle verskillende soorte voor- en agterente. Jesus wys altyd hierdie god se ruim agterent – divers, stukkie vir stukkie!

Ek het eintlik nie meer geluister nie, want ek wou eerder my herkenning van die grot se drekgod teenoor Jesus Christus die Here, weer saam met my jarelange ou vriend in die geloof, in die Woord van God terugvind. Ek glo nie in stemme, drome en fluisteringe as God se stem nie, maar ek het al toe ek ses jaar oud was, ‘n Bybel as prys gekry vir honderd persent Sondagskoolbywoning omdat my pa elke Sondagoggend orrel gespeel het. En uit my 60 jaar se besig wees met die Bybel het ek geweet die woord “drekgod” het uit die Bybel in my opgekom en nie uit die woede en bitterheid van my kerkdepressie nie.

Later toe ons saam na die nuwe 2020 direkte Afrikaanse vertaling van die Bybel kyk, word my lyf yskoud. Hulle het in hierdie direkte vertaling beloof om die Bybelskrywers in hulle eie woorde aan die woord te stel in vloeiende idiomatiese Afrikaans. Met vertroue in hulle belofte ontdek ek daar is nie een drekgod in die Bybel nie. Ons val terug op die 1983 vertaling en my siel vries, want hier is ook nie een drekgod in die Bybel te vinde nie. Angsvervuld dat ek gedweë weer agter daardie god in die grot se agterent moet gaan vaskyk, kyk ek toe in my kleuter geskenk-Bybel. Dit is die 1953 vertaling. Dit is van voor tot agter in die Ou Testament vol drekgode. Veral die profeet Esegiël, wat oor hierdie afgode in ballingskap moes gaan en onder die nasies se afgode gedienstig moes buig, minag afgode as drekgode.

My hart jubel! Dis God se Woord, nie my kru-woede nie.

Ons twee moet toe terug na die Hebreeus toe om te sien hoe drekkig hierdie afgode is. En daar wys die Hebreeus dat die woord drekgod ‘n ander woord is as die woord afgod! Ons sien toe egter dadelik die vertalers se probleem. Die woord in Hebreeus is nie die sagte Afrikaanse woord “mis” soos in misgode nie.

Dit is ‘n woord vir die uitwerpsels van kamele. Die gevoelsmatigheid van die woord gaan oor hoe jy voel as jy daarin trap. Die woord word verder bekragtig met die woorde afskuwelik, walglik en verwerplik. Ons soek toe op Google na die toepaslike woord vir die woord “drek” in die huidige Afrikaans. Dit raak toe moeilik. Al die woorde wat ‘n direkte vertaling sou wees, is krenkende skelwoorde of kru vloekwoorde. Die meeste mense leef ook nie meer in en met die natuur saam nie. Hulle leef nie langs bees-, bok- en skaapkrale nie. Hulle maak nie meer misvloere en kook kos op gedroogte beesmis nie. Die reuke en vorms van uitwerpsels is glad nie meer deel van die lewe van die stedelike gemeenskap soos die landelike gemeenskap wat agter bees- en skaaptroppe op perde geleef het nie. Daarom het hierdie woorde vir mense wat net natuurskoonheid as ontvlugting wil beleef, skel- en vloekwoorde geword en het hulle dit met mooiwoorde oorgemaak. So het die inheemse Drolpeerbome van die bosveld Blompeerbome vir stedelinge geword. Gevoelsmatig moet hierdie afstootlike woorde eintlik vir afgode gebruik word, maar die kruheid dring ons toe om die ou Bybelse woord, wat nie aanstoot sal gee nie, te gebruik. Drekgode in die Bybel bly drekgode.

Ek het dus toe ek in daardie kerkvergadering ingeloop het, in ‘n drekgod getrap!

My siel is egter nog steeds onrustig in my want hierdie geestelikes bedoel nooit wat hulle sê nie en sê nooit wat hulle bedoel nie, maar hulle bedoel altyd presies wat hulle bedoel. Met hierdie geestelike en wetenskaplike grystaal glo hulle dat nét hulle God verstaan en net hulle God se goddelike taal praat wat niemand anders verstaan nie.

Hulle beskrywing van God se voorkant en agterkant in die grot bly my pla. Dit is toe nie in al hulle grystaalwoorde wat ek helderheid kry nie, maar weer in God se Woord.

Met afgode gaan dit nooit oor Gód se voor- en agterkant nie. Dit gaan oor ménse se voorkant na afgode en hulle agterkant na God toe. Die profeet Jeremia openbaar dit só: “Soos ‘n dief in die skande kom wanneer hy betrap word, so staan die huis van Israel beskaamd – hulle, hulle konings, hulle hoë amptenare, hulle priesters en profete – hulle wat vir ‘n stuk hout sê ‘Jy is my vader!’ en vir ‘n klip ‘Jy het my in die wêreld gebring!’ Want hulle draai hulle rug op My en wys nie hulle gesig nie.” (Jer. 2: 26, 27) En Jeremia se kameelkoei wat bul soek in vers 23 laat my toe ook sommer besef hoekom ek niemand wat hierdie drekgod beleef aan my wil laat vat nie.

Só in die Woord van God hoor ek wat hulle bedoel wat hulle sê en sê wat hulle bedoel, sonder grysheid – “God se agterent!”

Hulle wil nie hulle gesigte wys vir God, wat in sy volle uitverkiesende liefde en genade reg voor hulle is nie. Hulle draai hulle rug op God na die god met wie hulle in

hul sonde kan identifiseer, en maak dan asof dit God is wat sy rug op hulle in grotte draai.

‘n Mens moet weet wat rugdraai na God en gesigdraai na drekgode is. Dit is nie regop staan en omdraai nie. Dit is om op jou knieë te gaan, jou voorkop op die grond te druk, jou arms en hande voor jou op die grond uit te strek, terwyl jy jou agterent in die lug opsteek. Dit is hoe hulle alles volgens die profete omdraai – hulle wys hulle agterent vir God en maak dan geestelike verduidelikings op asof dit God is wat sy agterent vir hulle wys, sodat hulle innig en vroom hulle agterente vir God kan wys.

Ek het dit in elke inoefening van elke belewenis in die groot grotsaal gevoel. Met hulle soort Jesus wat hulle soort god se agterent is, wys hulle in alles wat hulle oor mense se voor- en agterente ervaar en besluit – hulle agterent vir God. Met lofprysing en aanbidding wys hulle hul agterente vir God as honende godslasterlike demonstrasie -  “Jou agterent!”

Ek kon God nie só saam met hulle loof, prys en aanbid nie. Ek het kop onderstebo my rug op hulle en hulle drekgod gedraai.

Jeremia het dit geken en ek het dit gevoel - ons het hulle skande gesien! En daarvoor sal hulle my liefdevol haat en broederlik vervolg soos hulle altyd met gelowiges maak wat hulle gesigte na God wys. En toe vlug ek want ek weet wat hulle my gaan laat sien. Jeremia het syne gesien.

Vlug ek terug na Levubu toe waar die nag donker is en die dag lig, en dit nooit lig en donker ter gelyke tyd is nie. Vlug ek na daar waar woorde so helder soos die water uit die bergstrome is. Vlug ek na die groen klowe en heuwels waar daar nooit die stank in die lug hang wat oor hierdie plek hang waar mense vir God agterent wys en hulle drekgod mense se voor- en agterkante seën nie.

Na die plek waar mense met hul gesigte na God, álmal mekaar nog in die oë kan kyk.

Ds. PJ Kriel
Levubu
10 Maart 2024

Hierdie satire is ook beskikbaar op Google by die webwerf evangelie-vandag.co.za
U kan ook op Google na die adres “NG Kerk Levubu” gaan. Die satire is die eerste item op die webblad-uitleg maar kan ook onder die opskrif “Spieëlbeeld” op die tema-register opgeroep word.